BYLAE "C"



# EMTHANJENI MUNISIPALITEIT

# *EMTHANJENI MUNICIPALITY*

## SPESIALE MUNISIPALE KOMITEE

## OP

## OPENBARE REKENINGE

## *SPECIAL MUNICIPAL COMMITTEE*

## *ON*

## *PUBLIC ACCOUNTS*

## 25 FEBRUARIE / *FEBRUARY* 2016

**MUNISIPALITEIT EMTHANJENI MUNICIPALITY**

Posbus 42
DE AAR
7000

Februarie / *February* 2016

**RAADSLID / *COUNCILLOR***

Kennis geskied hiermee dat 'n **MUNISIPALE KOMITEE OP OPENBARE REKENINGE** sal plaasvind op **DONDERDAG, 25 FEBRUARIE 2016** om **14:00** in die **KOMITEEKAMER, MUNISIPALE KANTOOR, DE AAR** ten einde die onderstaande **Sakelys** te oorweeg .

*Notice is hereby given of a **MUNICIPAL COMMITTEE ON PUBLIC ACCOUNTS** to be held on **THURSDAY, 25 FEBRUARY 2016** at **14:00** in the **COMMITTEE ROOM, MUNICIPAL OFFICE, DE AAR** to consider the following **Agenda.***

**I VISSER**
**MUNISIPALE BESTUURDER / *MUNICIPAL MANAGER***
/wf

INHOUDSOPGAWE / INDEX


| Item No | Item | Bladsy No/Page No |
|---|---|---|
| 1. | **OORSIGVERSLAG: JAARVERSLAG VIR 2014/2015 / *OVERSIGHT REPORT ON THE 2014/2015 ANNUAL REPORT* (9/1/1)** | 5 - 8 |


**BRONNE VAN SAKELYS INSETTE / *SOURCES OF AGENDA INPUT***

| Item No | Item | Bylaes/ Annexures |
|---|---|---|
| 1. | **OORSIGVERSLAG: JAARVERSLAG VIR 2014/2015 / *OVERSIGHT REPORT ON THE 2014/2015 ANNUAL REPORT* (9/1/1)** | A |

**SAKELYS / *AGENDA***

**************

1. OPENING EN VERWELKOMING / *OPENING AND WELCOME*

**Raadslid M Malherbe open met gebed en Raadslid B Swanepoel verwelkom almal teenwoordig.**

***Councillor M Malherbe opened with a prayer and Councillor B Swanepoel welcomed everyone present.***

2. TEENWOORDIG / *PRESENT*

**Raadslede / *Councillors***

**B Swanepoel, MC Kivedo**

OOK TEENWOORDIG / *ALSO PRESENT*

**Raadslede / *Councillors***

**MM Freddie**

IN DIENS TEENWOORDIG/ *PRESENT ON DUTY*

**Direkteur: Korporatiewe Dienste/*Director: Corporate Services*, Hoof-Finansiële Beampte/*Chief Financial Officer*, Administratiewe Beampte 1 & 2/*Administrative Officer 1 & 2***

3. AANSOEK OM VERLOF TOT AFWESIGHEID / *APPLICATION : LEAVE OF ABSENCE*

**Die Voorsitter berig dat die Munisipale Bestuurder nie die vergadering kan bywoon nie.**

**AANBEVELING AAN DIE RAAD:**

**Dat verlof tot afwesigheid toegestaan word aan die Munisipale Bestuurder.**

***The Chairperson reported that the Municipal Manager, could not attend the meeting.***

***RECOMMENDATION TO COUNCIL:***

***That leave of absence be granted to the Municipal Manager.***

**1. OORSIGVERSLAG: JAARVERSLAG VIR 2014/2015 / *OVERSIGHT REPORT ON THE 2014/2015 ANNUAL REPORT* (9/1/1)**

**1. Agtergrond / *Background***

Artikel 129 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, No. 56 van 2003, bepaal as volg:

1. Die raad van 'n munisipaliteit moet die jaarverslag van die munisipaliteit en van enige munisipale entiteit onder die Munisipaliteit se alleen- of gedeelde beheer oorweeg, en teen nie later nie as twee maande vanaf die datum waarop die jaarverslag ingevolge artikel 127 in die raad ter tafel gelê is, 'n oorsigverslag aanneem wat die raad se kommentaar op die jaarverslag bevat, wat 'n verklaring moet insluit van of die raad-

(a) die jaarverslag met of sonder voorbehoud goedgekeur het;
(b) die jaarverslag verwerp het; of
(c) die jaarverslag terugverwys het vir die hersiening van daardie komponente wat hersien kan word-

2. Die rekenpligtige beampte moet-

(a) met die doel om te antwoord op vrae wat op die verslag betrekking het, raads- en raadskomiteevergaderings waarop die jaarverslag bespreek word, bywoon; en
(b) afskrifte van die notules van daardie vergaderings voorlê aan die Ouditeur-generaal, die betrokke Provinsiale Tesourie en die Provinsiale Departement verantwoordelik vir Plaaslike Regering in die Provinsie.

3. Die rekenpligtige beampte moet ooreenkomstig artikel 21A van die Wet op Munisipale Stelsels 'n oorsigverslag in subartikel (1) bedoel binne sewe dae na die aanname daarvan openbaar maak.

4. Die Nasionale Tesourie kan riglyne uitreik met betrekking tot-

(a) die wyse waarop munisipale rade jaarverslae moet oorweeg en openbare verhore moet hou; en
(b) die werking en samestelling van enige openbare rekenings- of oorsigkomitees wat deur die Raad ingestel word om hom by die oorweging van 'n jaarverslag by te staan.

5. Geen riglyne ingevolge subartikel (4) uitgereik, is bindend op 'n munisipale raad nie tensy daardie riglyne deur die raad aangeneem is.

6. Hierdie artikel, met die nodige aanpassings wat die samehang mag vereis, is ook van toepassing indien slegs komponente van die jaarverslag ingevolge artikel 127(3) ter tafel gelê is.

*Section 129 of the Local Government: Municipal Finance Management Act, No 56 2003, provides as follows:*

1. *The council of a municipality must consider the annual report of the municipality and of any municipal entity under the municipality's sole or shared control, and by no later than two months from the date on which the annual report was tabled in the council in terms of section 127, adopt an oversight report containing the council's comments on the annual report, which must include a statement whether the council-*

(a) *has approved the annual report with or without reservations;*
(b) *has rejected the annual report; or*
(c) *has referred the annual report back for revision of those components that can be revised.*

2. *The accounting officer must-*

(a) *attend council and council committee meetings where the annual report is discussed, for the purpose of responding to questions concerning the report; and*
(b) *submit copies of the minutes of those meetings to the Auditor General, the relevant Provincial Treasury and the Provincial Department responsible for Local Government in the Province.*

3. *The accounting officer must in accordance with section 21A of the Municipal Systems Act make public an oversight report referred to in subsection (1) within seven days of its adoption.*

4. *The National Treasury may issue guidelines on-*

*(a) the manner in which municipal councils should consider annual reports and conduct public hearings; and*
*(b) the functioning and composition of any public accounts or oversight committees established by the council to assist it to consider an annual report.*

5. *No guidelines issued in terms of subsection (4) are binding on a municipal council unless adopted by the Council.*
6. *This section, with the necessary modifications as the context may require, is also applicable if only components of the annual report were tabled in terms of section 127(3).*

**2. Regsimplikasies / *Legal Implications***

Die Oorsigverslag voldoen aan die bepalings van Artikel 129 van die WMFB.

*The Oversight Report complies with the provisions of Section 129 of the MFMA.*

**3. Finansiële Implikasies / *Legal Implications***

Geen / *None*

**4. Voorgestelde Aanbeveling / *Proposed Recommendation***

1. Dat daar kennis geneem word dat daar geen kommentaar van beide die Raad en die gemeenskap geopper is ten opsigte van die Jaarverslag vir 2014/2015 nie.
2. Dat die Munisipale Komitee op Openbare Rekeninge die Oorsigverslag van die Jaarverslag vir 2014/15 sonder voorbehoud goedkeur.
3. Dat die Munisipale Komitee op Openbare Rekeninge aanbeveel dat die Raad die Jaarverslag vir 2014/2015 asook die Oorsigverslag van die Jaarverslag goedkeur.

1. *That it be noted that neither Council nor the community offered any comments on the Annual Report for 2014/2015.*
2. *That the Municipal Public Accounts Committee approve the Oversight Report on the Annual Report for 2014/2015 without reservations.*
3. *That the Municipal Public Accounts Committee recommends that Council approve the Annual Report for 2014/2015 as well as the Oversight Report on the Annual Report.*

**5. Kommentaar deur die Rekenpligtige Beampte / Artikel 82 van die Strukturewet & Artikel 60 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur / *Comments by the Accounting Officer / Section 82 of the Structures Act & Section 60 of the MFMA***

Dat die voorgestelde aanbevelings oorweeg word.

*That the proposed recommendations be considered.*

**6. Aanhangsels / *Attachments***

Oorsigverslag van die Jaarverslag vir 2014/2015 word aangeheg as **Bylae "A"**.

*Oversight Report on the 2014/2015 Annual Report is attached as **Annexure "A"**.*

**7. Aanbeveling aan die Raad / Recommendation to Council**

1. **Dat daar kennis geneem word dat daar geen kommentaar van beide die Raad en die gemeenskap geopper is ten opsigte van die Jaarverslag vir 2014/2015 nie.**
2. **Dat die Munisipale Komitee op Openbare Rekeninge die Oorsigverslag van die Jaarverslag vir 2014/15 sonder voorbehoud goedkeur.**
3. **Dat die Munisipale Komitee op Openbare Rekeninge aanbeveel dat die Raad die Jaarverslag vir 2014/2015 asook die Oorsigverslag van die Jaarverslag goedkeur.**
4. **Dat die Oorsigverslag as laat item by die agenda van die Raadsvergadering gevoeg word.**

1. ***That it be noted that neither Council nor the community offered any comments on the Annual Report for 2014/2015.***
2. ***That the Municipal Public Account Committee approve the Oversight Report on the Annual Report for 2014/2015 without reservations.***
3. ***That the Municipal Public Accounts Committee recommends that Council approve the Annual Report for 2014/2015 as well as the Oversight Report on the Annual Report.***
4. ***That the Oversight Report be added as a late item on the agenda of the Council meeting.***

**VOORSITTER / *CHAIRPERSON***

2 · 03 · 2016
**DATUM / *DATE***